(Available in English)

Pestalozzi Trust(IT6577/98)

die regsfonds vir tuisonderwys

Posbus 12332 QUEENSWOOD 0121 Tel: (012) 330 1337; Faks: (011) 507 5997
Web: http://pestalozzi.org E-pos: defensor@pestalozzi.org

Bly tuis met gemoedsrus...

- Leer u kinders self, in u eie huis en omgewing
- Voed hulle volgens u eie godsdienstige en kulturele tradisies en oortuigings op
- Doen dit openlik, wettiglik, en sonder onregmatige inmenging van die owerheid
- Bewaar hierdie vryheid ook vir u kleinkinders

Sluit aan by die Pestalozzi Trust

Wat is die Pestalozzi Trust?

In die Pestalozzi Trust span 'n groot getal Suid-Afrikaanse tuisskolers saam om mekaar se vryheid te beskerm om tuisonderwys te kan doen. Dit beteken dat hulle hul kinders wettiglik en sonder onregmatige inmenging tuis kan opvoed.

Terselfdertyd verseker hulle dat hierdie vryheid ook vir hul kleinkinders bewaar sal bly.

Ons Doel

Die Trust is deur 'n groep Christene daargestel om die regte en vryhede van alle gesinne te beskerm om hul kinders tuis volgens hul eie godsdienstige en/of filosofiese oortuigings en kulturele tradisies op te voed.

Ons taak

a. Voorkoming van konflik

Ons voorkom konflik tussen alle tuisskolers en die owerheid deur kennis van tuisonderwys te bevorder en deur beter reg en beleid vir tuisonderwys te beding.

b. Konflikhantering

Ons hou ons lede uit die hof deur lidgesinne by te staan wanneer hulle wel in konflik met die owerheid kom. Ons probeer om die konflik op te los sonder dat 'n hofsaak nodig word.

c. Verdediging

As ons lede wel voor 'n hof sou verskyn, dra ons die koste van 'n kundige regspan en die nodige deskundige getuies.

Wie besit die Pestalozzi Trust?

Die Pestalozzi Trust is 'n nie-winsgewende Trust wat bestuur word deur 'n Raad van Trustees. Fondse word verkry uit die fooi wat lidgesinne jaarliks bestaal en in klein mate uit vrywillige, ongevraagde donasies.

Fondse mag slegs gebruik word om die vryheid van tuisonderwys te beskerm.

Die state van die Trust word jaarliks deur 'n onafhanlike ouditeursfirma geoudit.

LET WEL: Die Trust kan lede nie verteenwoordig in gevalle van konflik tussen ouers rakende toesig oor die kinders en hul onderwys nie. Die Trust kan wel lede wat hulle in sulke situasies bevind, voorsien van eedverklarings wat hulle in hofsake kan gebruik. Tot dusver was die eedverklarings wat die Trust verskaf het altyd voldoende om die teenparty te oortuig om die saak gewonne te gee.

Hou die politiek weg uit u Tuisonderwys

Op 20 Oktober 2005 het Mnr Siphosezwe Masango, LUR vir onderwys in Mpumalanga, 'n vergadering toegespreek van wat hy "*medevegters*" ("*fellow combatants*") genoem het. Dit was 'n kongres van die onderwyservakbond SADOU.

Masango het die onderwysers aangemoedig om kinders te indoktrineer om "*behoorlik gevorm en geweek te word in ons revolusionêre idees*".

U mag miskien, soos baie tuisskolers, geen belangstelling in die politiek hê nie, maar die owerheid verseker ons dat die politiek 'n belangstelling in u, en veral u kind het. Dit is ook nie net onderwysers in staatskole wat hieraan onderwerp word nie.

Op 20 Mei 2004 het Me Mmule Madonsela, senior amptenaar belas met tuisonderwys in Gauteng, 'n vergadering van tuisskolers in Johannesburg meegedeel: "Die onderwys is 'n politieke spel".

Ook haar hoof, Me Tidimalo Nkotoe, het op 10 April 2004 in 'n program oor tuisonderwys op Carte Blanche verklaar dat tuisskolers in dieselfde formaat gegiet moet word as kinders in staatskole: "*We are gunning for the the same critical outcomes. We are gunning for the same South African citizen*."

In die verlede het die Trust aanvaar dat onregmatige inmenging deur oorywerige onderwysamptenare bloot uit onkunde gemotiveer word.

Uitdruklike kongresbesluite van die regeringsparty toon egter nou duidelik dat die onderwys beskou word as "*instrument van die ideologiese stryd*"

Uitsprake en praktyk van onderwysamptenare toon ook dat die amptenare toenemend onder druk kom om tuisskolers te verplig om 'n voorgeskrewe staatsideologie aan hul kinders oor te dra.

Hiervoor word kurrikulumvoorskrifte en verpligte assesserings aangewend.

Enige owerheidsdruk om kinders, ook in tuisonderwys, met staatideologie te indoktrineer, is volkome onregmatig.

Dit Pestalozzi Trust sal sulke druk namens enige lidgesin in die howe teenstaan.

Lede-aansoek - Regsfonds vir Tuisonderwys

(**Pestalozzi Trust** sal hierdie inligting ten volle vertroulik hanteer)

ALLE **vrae moet** *TEN VOLLE* **deur die ouer of wettige voog beantwoord word. Gebruik 'n swart pen.** *Moet asseblief nie korrespondensie of tjeks aan hierdie aansoekvorm vaskram nie.*Assosiaatlede hoef slegs nommer 1 en 2 te voltooi, en die vorm te onderteken op bladsy 4.

1. Vader: Titel | Voorname | Moeder: Titel | Voorname

Van | Van

Posadres | Landdrosdistrik

ID/paspoortnr van vader of ouer wat toesig het:

Poskode | Provinsie

Telefoon: Huis ( ) | Faks ( ) | Vir aandag

Werk ( ) | Sel

Taalkeuse: Afr ☐ Eng ☐ | E-pos

Ons tuisskool sedert .....(datum dd/mm/jjjj)

2. Hernuwingsaansoek (was al voorheen lid) ☐ ***OF:*** Nuwe aansoek (was nog nooit voorheen lid nie) ☐

3. Inligting oor opvoeders

Verskaf asseblief die name van albei ouers, asook die name van enigiemand anders wat op 'n gereelde basis u kinders onderrig of toesig oor hulle hou *Om in aanmerking te kom vir lidmaatskap van die Fonds, moet ouers, wettige voogde, grootouers of broers of susters ten minste 60% van die tuisonderwys persoonlik doen.*		**Onderwysvlak** (gebruik afkorting) N skool onvoltooid 10 St 10 D Diploma B Baccalaur. M Meester Ander (vul in)	**Werkskedule** Dui die tye van die dag aan wat hierdie persoon begin en ophou werk. *Onthou om vm. en nm. aan te dui. Indien geen, vul "NVT" in.*	**Werkplek** Indien hierdie persoon werk, is dit in die huis of buitenshuis?		**Onderwys-skedule** Meld die tye van die dag wanneer hierdie persoon sal begin en ophou om onderwys te verskaf. *Sluit tye vm. en nm. in.*	**% van Onderwys** Watter persentasie van die onderwys sal hierdie persoon doen? *Kolom moet 'n totaal van 100% gee*
	Voornaam Van			**In**	**Uit**		
Vader							
Moeder							
Grootouer							
Ander							

4. Sluit inligting in oor al die kinders wat u beplan om tuis te onderwys. Normaalweg kan ons nie u reg beskerm om enige ander kinders te onderwys as diegene wat in hul eie huise onderwys word nie. As enigeen van die leerders nie deel van die gesin is nie, verduidelik asseblief op 'n afsonderlike bladsy.

Lys asseblief alle minderjarige leerders wat tans tuis onderrig word, of wat u beplan om hierdie jaar tuis te onderrig. *(Dui asseblief aan indien die kind se van verskil van die ouers s'n.)* **Voornaam *Van***	**Geboorte-datum**	Wat is die regsverhouding tussen elke opvoeder in die gesin en elke kind? B = Biologiese/aangenome ouer V = Wettige voog (deur 'n hof aangestel) S = Stiefouer G = Geen regsverhouding **Vader**	**Moeder**	**Grootouer**	**Ander**
	/ /				
	/ /				
	/ /				
	/ /				
	/ /				
	/ /				
	/ /				

BELANGRIK: U MOET DIE VOLGENDE BLADSY INVUL EN TEKEN

Vrae? Skakel ons by (012) 330 1337

Slegs vir kantoorgebruik

Datum & wyse van betaling		Datum van posstempel Datum ontvang	Datum aanvaar	Alliansie / kategorie		
Bedrag	Tydperk	Ingesleutel	Aanvaar deur	Lid #		
QB datum	QB faktuur	Oorbetaling(s)	Ontvangs erken Hoe	Dat Wie	Kennis 1	Kennis 2	Kennis 3

	Ja	Nee	
5. Is daar enige tyd gedurende tradisionele skoolure (dws 7:30 vm. - 2:00 nm.) wanneer u leerders nie onder die toesig van die ouers/volwassenes sal wees wat in Vraag 4 gelys word nie?	☐	☐	
6. Indien wel, verduidelik asseblief. Indien 'n ander volwassene toesig hou, verskaf sy/haar naam, verwantskap met die kind, en meld waar die persoon toesig sal hou.			
7. Is enige regsgeding al teen u tuisonderwys of teen enigeen wat met die aanbieding daarvan gemoeid is ingebring of is u al met so 'n regsgeding gedreig, of het u ooit enige skool- of onderwysamptenaar, maatskaplike werker of enige ander regeringsamptenaar gekontak, of is u deur so 'n persoon gekontak aangaande u kinders, u tuisonderwys of afwesigheid van 'n skool?	☐	☐	
8. Indien JA, beskryf asseblief die dreigement, die regsgeding of die kontak (deur wie en wanneer). Sluit kopieë van korrespondensie, regsgedinge, ens in.			
9. Is u al ooit in verband met kindermishandeling, -verwaarlosing of verwante aanklagte ondersoek of aangekla?	☐	☐	
10. Indien JA, verduidelik asseblief (op 'n afsonderlike vel papier indien nodig) wanneer die ondersoek plaasgevind het, of daar 'n bevinding van verwaarlosing of mishandeling was, en of dit ten volle opgelos is. Heg afskrifte van enige hofdokumente aan.			
11. Het enige van die kinders wat tuisonderwys ontvang spesiale leerbehoeftes? *Indien JA kan ons u moontlik van nuttige inligting voorsien.*	☐	☐	

DEUR HIERDIE AANSOEK TE ONDERTEKEN STEM ONS IN OM:

1. Ons kinders noulettend en verantwoordelik te onderwys.
2. Spesifieke doelwitte vir die onderwys van ons kinders daar te stel.
3. Basiese rekords te hou van die vordering van elke kind se onderwys.
4. Die Trust stiptelik in kennis te stel van enige regsdokumente wat ons ontvang of waarmee ons gedreig word rakende ons tuisonderwys.
5. Ons volle samewerking te gee in die verdediging van enige regsgeding (dreigend of andersins) wat teen ons gebring kan word in verband met die tuisonderwys van ons kinders en om enige en alle inligting en bystand aan die regsverteenwoordigers te verskaf wat deur die Trust aangestel word om ons te verdedig.
6. Om die toepaslike bydrae tot die Trust te maak vir ons lidmaatskapkategorie in een jaarlikse bedrag of, indien dit in maandelikse paaiemente gedoen word, by wyse van 'n aftrekorder.

(Let wel: Albei ouers *moet* teken, behalwe in die geval van enkelouers, waar die ouer wat toesig het moet teken.)

Handtekening		Datum	
Handtekening		Datum	

LET WEL:

Die Trust verskaf nie regsverdediging aan lede in sake rakende egskeiding, toesig oor kinders, of verwante huishoudelike sake nie. Die Trust kan egter inligting verskaf wat vir die partye betrokke in sulke sake belangrik kan wees.

Die Trust behou hom die reg voor om enige aansoek om lidmaatskap af te wys en om lidmaatskap in te trek as daar wanvoorstellings in 'n aansoek was.

U moet u tjek of 'n afskrif van u deposito of aftrekorder met u aansoek indien. Maak die datum van die eerste betaling op u debiet- of aftrekorder die eerste dag van die maand ses weke nadat u u aansoek ingestuur het.

Lidmaatskap begin **nie** sodra 'n aansoek ontvang word nie (dit kan drie tot ses weke duur om 'n aansoek te verwerk). Lidmaatskap begin op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die aansoek oorweeg, goedgekeur en in die databasis ingesleutel word, of op die datum van die eerste betaling op 'n aftrekorder, indien dit 'n later datum is. (Geen terugbetaling kan gemaak word as iemand reeds as lid toegelaat is nie.)

U sal in kennis gestel word dat u aansoek goedgekeur is, en sal 'n ledepakket ontvang. Indien ons nie u lidmaatskap kan goedkeur nie, sal ons u terugbetaal en u 'n verduidelikende brief stuur. ***Indien u binne ses weke nadat u u aansoek ingedien het nog nie van ons gehoor het nie,* moet u asseblief ons kantoor kontak by admin@pestalozzi.org en navraag doen oor die status van u aansoek. *LW:Fakse of e-posse of gewone pos word soms om onverklaarbare redes nie afgelewer nie, selfs al toon u faks of e-pos dat dit versend/ontvang is.***

Lidmaatskap is geldig vir 'n tydperk van 12 maande van die begindatum (kyk hierbo) tensy a) die gesin tuisonderwys staak, in welke geval die lidmaatskap outomaties verstryk, of b) die lid betaling van die fooie staak, in welke geval dit saam met die laaste betaling verstryk.

Kategorieë van lidmaatskap

Standaard-lidmaatskap. Die ledefooi vir nuwe lede is R960 per gesin per jaar (onderhewig aan verandering). Lede wat aansluit binne 3 maande nadat hulle begin tuisskool, betaal 'n afslagfooi van R840. Gesinne wat voor 1 Februarie 2008 aangesluit het, ontvang 'n bykomende lojaliteitsafslag. 'n Verdere bykomende gemeenskapsafslag word toegestaan aan lede van tuisskoolondersteuningsgroepe wat by die Trust geregistreer is (kontak ons vir besonderhede).

Assosiaat-lidmaatskap. Assosiaatlidmaatskap word toegeken aan nie-tuisskolers wat die Trust wil ondersteun, of aan tuisskolers wie se kinders nog nie, of nie meer, van skoolgaande ouderdom is nie. Assosiaatledefooi is R480 per gesin per jaar.

LET WEL: 'n Toeslag van R60 per jaar is betaalbaar deur alle lede en assosiaatlede met wie ons per gewone pos in plaas van e-pos moet kommunikeer.

Voorregte van lidmaatskap

Lede het toegang tot die Trust se biblioteek van tuisskoolboeke. Lede woon byeenkomste van die Trust teen 'n afslagfooi by.

Pestalozzi Trust (IT6377/98)
Posbus 12332, QUEENSWOOD, 0121
Tel: (012) 3301337 Faks: (011) 507 5997.
Web: http://pestalozzi.org E-pos: defensor@pestalozzi.org

Tjeks, aftrekorders en deposito's aan: Pestalozzi Trust, ABSA Bank Hatfield
Rekening # 4048 112 677, Takkode 33-55-45
Let Wel: In geval van 'n aftrekorder of deposito: Maak ASSEBLIEF seker dat u naam en van en ledenommer (indien beskikbaar) as verwysing op ONS bankstaat verskyn!

Die Pestalozzi Trust onderneem:

Gedurende die tydperk wat u gesin lid is van die Pestalozzi Trust Regsfonds vir Tuisonderwys (die Fonds) onderneem ons om:

1 Alle inligting as vertroulik te hanteer en dit te gebruik slegs in voorbereiding vir moontlike regsverdediging met betrekking tot u tuisonderwys.

2 Die nodige stiptelikheid aan die dag te lê om alle bydraes deur lede as 'n onafskeidbare deel van die Fonds te administreer om sodoende op die mees toepaslike wyse, soos deur die Trustees bepaal, u reg op tuisonderwys te verdedig teen onregmatige aantasting deur die wetgewende, uitvoerende of regsprekende gesag.

3 Hoë kwaliteit regsverteenwoordiging te verskaf in enige werklike of dreigende strafgeding wat ten opsigte van u tuisonderwys teen u aanhangig gemaak word.

4 Alle fooie te betaal vir prokureurs en advokate wat deur die Trust aangestel word, asook hof-onkoste wat spruit uit 'n strafgeding wat ten opsigte van tuisonderwys teen u aanhangig gemaak word.

5 Te weier om hulp te verleen met die verdediging van 'n lid of in 'n appèl teen 'n beslissing, en om te weier om voort te gaan om hulp te verleen, indien die waarskynlike resultaat, na die uitsluitlike oordeel van die Trustees, ten opsigte van die regspresedent of die koste, nie in u belang of dié van ander lede sal wees nie.

6 Deur middel van 'n nuusbrief met u te kommunikeer wat betref enige inligting wat u tuisonderwys sal beïnvloed.

7 In die arena van openbare beleid in ons land as kampvegters op te tree vir u reg op tuisonderwys.

Hoe werk die Trust?

Navorsing

Betroubare, navorsingsgebaseerde inligting oor tuisonderwys is noodsaaklik om tuisonderwys in die openbaar en in howe te kan verdedig.

Daar is reeds heelwat navorsingsresultate uit die buiteland, maar dit moet deur plaaslike navorsing ondersteun word om te toon dat die buitelandse resultate ook in Suid-Afrika toegepas kan word.

Die Trust ondersteun en bevorder daarom akademiese en ander navorsing oor tuisonderwys volgens sy vermoë. Sedert die ontstaan van die Trust het daar reeds tesisse en verhandelings op Meesters- en Doktorale vlak verskyn waarvoor die Trust ondersteuning aan die navorsers verskaf het.

Konflikhantering

Die Trust se noodnommer is 24 uur van die dag, 7 dae per week, beskikbaar vir lede met dringende probleme.

Reeds by verskeie geleenthede het lede van hierdie diens gebruik gemaak wanneer die kinderbeskermingsdiens van die SAPD, ander polisie, maatskaplike werkers, of onderwysamptenare onaangekondig opdaag en toegang tot die gesin se huis eis.

In een geval het die polisie gekom met die uitgesproke doel om die moeder te arresteer.

In alle gevalle tot dusver kon die Trust die lidgesinne help om die konflik te ontlont sonder dat dit tot hofsake gelei het.

Uitbou van invloed

Onbekend maak onbemind. Daarom versprei die Trust sedert sy ontstaan betroubare inligting oor tuisonderwys.

By die owerheid. Die Trust het reeds by tientalle geleenthede geskrewe en mondelinge voorleggings, eedverklarings en getuienis gelewer voor die parlement, regeringskommissies, howe en amptenare.

In die Media. By wyse van mediaverklarings en onderhoude het die Trust reeds insette gemaak in honderde koerantberigte, tydskrifartikels, radio-uitsendings en TV-programme waarin tuisonderwys in 'n goeie lig gestel is.

By die Publiek. By wyse van e-pos, faks en pos versprei die Trust jaarliks duisende bladsye inligting in reaksie op navrae deur die publiek.

Werkseminare. Die Trust bied landwyd werkseminare oor tuisonderwys en regsaspekte van tuisonderwys aan, en verskaf sprekers vir konferensies en ander geleenthede.

Internet. Die Trust se webblad huisves meer as 200 inligtingslêers wat verskillende aspekte van tuisonderwys in Suid-Afrika belig. Die [tuisonderwys]-gesprekgroep op die internet is toeganklik vir enigeen en bied 'n forum vir vars inligting, besprekings en ondersteuning van nuwe en ervare tuisskolers.

Telefonies. Die Trust hanteer ook duisende telefoniese navrae per jaar van lede van die Trust en van die publiek.

Bemagtiging van lede

Die SA Grondwet en die gemene reg plaas op ouers 'n regsplig om die belange, regte en vryhede van hul kinders te beskerm teen onregmatige inmenging, ook deur owerheidsinstellings en amptenare.

Ervaring het egter getoon dat ouers die regte en vryhede van hul kinders slegs kan beskerm as hulle weet wat daardie regte en vryhede is en wanneer hulle bedreig word.

Daarom voorsien die Trust sy lede deurlopend van inligting aangaande tuisonderwys, die regsaspekte van tuisonderwys en die ouers se pligte, regte en vryhede.

Ons doen dit by wyse van nuusbriewe, werkseminare, persoonlike en telefoniese onderhoude en internetgesprekke.

Die Trust adviseer dan ook sy lede oor paslike optrede in situasies waar die gesin se tuisonderwys deur owerheidshandelinge bedreig word.

Ons Trustees

Mnr Leendert van Oostrum het 'n M.Ed graad in tuisonderwys en spesialiseer in die reg van tuisonderwys.

Dr Chris Klicka is een van die mees ervare regsverdedigers van tuisonderwys ter wêreld. Hy bestuur die regsafdeling van die Home School Legal Defence Fund in die VSA.

Mnr Bouwe van der Eems, Ingenieur van Pretoria, tuisskool sy vyf kinders.

Mnr Henri Slabbert, 'n onderwyser wat spesialiseer in onderwysbestuur, is 'n ervare tuisskoler en tuisskoolleier.

Mnr Andre Williams het baie jare ervaring as staatsaanklaer en landdros.